



# Solea

November 2021

## Sambrele en sprankel in die Secret Garden

-Elané Bekker

Die matriekklas van 2021 het beslis 'n jaar van "survival of the fittest" beleef - 'n abnormale begin, Covid 19 wat kort-kort sy kop uitsteek én dan nog die vrees dat ons almal se grootste droom skipbreuk sal lei - ons matriekafskeid.

Gelukkig vir ons, kon niks en niemand ons keer om hierdie droom 'n realiteit te maak nie! Die matriekafskeid van 2021 het by die alombekende Leopards & Lace plaasgevind.

Nie eers die storm en donderweer wat op Donderdag, 30 September, gewoed het, kon ons onderkry nie. En glo my! Die foto's is 'n treffer, nie net omdat die fraaiste Fichies daarop verskyn nie... Nee, die natuur het ook sy doel gedien – die agtergrond van 'n sonsondergang gepaardgaande met grys wolke en helder reëndrappels het die mooiste skilderye geskep.

Van graad een af droom elke Fichie van dié sprankelaand: die seuns droom oor die kar wat almal se monde sal laat oophang, want dit sal mos hulle meisies "impress"! En wat van Aspoestertjie? Wel... trek die skoen aan as dit jou pas en gaan geniet 'n droomaand saam met 'n prins aan jou sy!

Die meisies het hierdie geleentheid as 'n oefenlopie vir hulle toekomstige troues gesien en glo my: die ouers se beursies het hierdie rondte verloor. Van hare tot naels, grimering en skoene, glimmende juwele en aandrokke - alles moes perfek wees. Vir die wêreld daar buite lyk dit na 'n kat in die sak koop, maar vir elke graad 12-leerling is dit 'n aand wat vir die volgende 50 jaar in hulle harte virewig is...

Juffrou René en haar gedugte span was aan die stuur van sake en het die perfekte sprokiesatmosfeer geskep. Met The Secret Garden as tema, het die saal soos iets uit 'n feëverhaal gelyk. Elke meisie het soos 'n prinses gevoel en elke seun soos 'n ridder op 'n wit perd.

Die kos het ons monde laat water en die meeste gaste het al die pampoenkoekies met karamelsous verslind. Groente kan ook lekker wees, hè! Die nagereg was uit die boeke, want die tradisionele malvapoeding en vla was glad nie deel van hierdie spyskaart nie. Nee! Ons almal kon 'n draairoomys by 'n regte egte outydse bussie bestel - dit het vir 'n oomblik gevoel of John Travolta en Olivia Newton-John net agter my staan...

Die dinne waar die matrikulante afskeid van die skool neem, word 'n matriekafskeid genoem. Maar het jy geweet dat "matriekafskuit" na 'n soort boot verwys, moontlik een waarmee matrikulante die toekoms invaar en "matriekafskyt" verwys na 'n geleenheid waar hulle gesamentlik dalk nie in hulle doel kan slaag nie, byvoorbeeld 'n stoeigeveg met 'n meetkundevraestel! Woordspeling as jy my vra!

Mag hierdie drie verklarings van 'n matriekafskeid jou altyd aan jou medematriekleerders herinner. Saam het ons afskeid geneem, saam het ons tydens eksamenvraestelle swaargekry en saam vaar ons nou die toekoms in. Mag jou toekoms ook 'n sprokiesverhaal wees en 'n "happily ever after" – einde hé.

**Carpe diem!**



# **Uit die Redaktrise se pen...**

## **‘n (Hoogte)punt in my lewensboek**

12 jaar van skool. 12 jaar van leer. 12 jaar wat nou tot ‘n einde moet kom. In ‘n oogwink is my skooljare verby, maar ek is oneindig dankbaar vir al die herinneringe waarop ek kan terugkyk. Ek het gegroei van ‘n klein, skaam dogtertjie tot ‘n vrou wat die wêreld met groot drome kan aanpak.

My laaste jaar - my matriekjaar - het beslis ook ‘n paar hekkies op my pad geplaas, MAAR ek het hulle ore aangesit. Daar was tye van uit-die-maag-lag, tye wat ek vir altyd sal koester, tye wat my getoets het en tye wat die tranen laat vloei het. Máár...oor niks is ek spyt nie, want elke bladsy in my hoërskoolboek het my gevorm in wie ek vandag is.

Die toekomspad wat voor my lê, is een om na uit te sien. Terwyl ek ‘n nuwe fase in my lewe betree, moet ek ongelukkig tot siens sê vir die hoofstuk wat nou verby is. Dit is hartseer en daar bestaan tóg onsekerheid, maar saam met al die vrese bars my hart van opgewondenheid oor die nuwe pad wat op my wag.

Ek het vir die afgelope vyf jaar op die redaksie gedien en was bevoorreg om vanjaar, saam met ‘n mederedaksielid, die redaktrise van ons skoolkoerant, die Soleo, te kon wees. Wanneer ‘n mens joernalis speel, leer jy baie van die lewe en ek stap verseker weg met ‘n hele paar sakkies vol wysheid wat ek in die proses van skryf ontdek het.

Hoërskool Fichardtpark was my tweede tuiste; die skool het my hart laat brul en my bloed blou gemaak. Dit was vir my ‘n trots om die wapen op my skoolbaadjie te kon dra. Maar ek moet nou eers groet en al is dit met ‘n seer hart, is dit ook met ‘n dankbare hart. Ek sit vir eers my pen neer - tot ek weer aan die nuwe hoofstuk van my lewe begin skryf...

Ek bid dat die Here my pen gereeld vol ink sal maak, sodat my lewensboek met nuwe stories besaai sal word!

Wees ‘n trotse Fichie, ‘n betrokke Fichie en ‘n gelowige Fichie, want dit sal jou in staat stel om ‘n bekroonde jeugverhaal te skryf. En wie is die hoofkarakter? Jy natuurlik!

**-Elané Bekker**

## **Die stryd is gewonne...**

In die begin van die jaar het dit gevoel of ons wêreld onderstebo gegooi is as gevolg van die Covid-19 pandemie. Maar moenie dink die matriekklas van 2021 het gaan lê nie, want waar daar ‘n wil is, is daar ‘n weg! Ek kan dit steeds nie glo nie, maar binne ‘n oogwink is die jaar verby en ons staan op die drumpel van ‘n splinternuwe deur wat wag om oopgemaak te word.

Covid-19 is ‘n wêreldwye pandemie wat ons omtrent aan die strot beetgehad het, maar sonder ‘n hoed in die hand kan ons matrieks van 2021 met eerlikheid sê dat ons die pandemie oorwin het en nie andersom nie. Vat so!!

Covid-19 het tonne eise gestel, maar dit het opnuut vir ons nuwe waardes van die lewe geleer. Dit het ons van dankbaarheid, tydelikheid en kwesbaarheid geleer. Ons het besef hoe kort die lewe is en dat elke geleentheid met albei hande aangegrap moet word.

Ons het die klok gelui en hoendervleis het oor ons lywe uitgeslaan. ‘n Onbekende gevoel vir enigiemand wat nog nie daardeur is nie- ‘n onbeskryflike gevoel! 12 skooljare is verby, in een oomblik en met een tree.

Met daardie enkel tree het ons die volwasse wêreld betree. Groot uitdagings is op pad, maar met God aan jou kant is enigiets moontlik.

Anker jouself standvastig in God en onthou: “God is within them they will not fall” -Psalm 46:5.  
My beste wense vergesel elke Fichie-matriek vir sy/haar toekoms...

**-Juané Bester**

# ‘n Kuier by die see...sónder die see

-Suné Booyse

Van vrolike bytjies en kleurvolle skoenlappers tot gebrande arms en warm tone in die sand! Fichies het die lente op 8 September, tydens ons lentedagviering, verwelkom en op 15 Oktober het ons “Bee-day” gevier deur ‘n unieke stranddag te hou. Op Lentedag het die Leererraad van 2022 Fichies met ‘n opvoering soos geen ander vermaak; dit het onder andere ‘n paar unieke riglyne ingesluit, soos om in die son met jou visstok te sit. Elke graad het volgens ‘n spesifieke tema aangetrek, van skoenlappers tot blomme. Daar was selfs ‘n raaiselkompetisie! Het jy na die see verlang en die gevoel van sand tussen jou tone gemis?



Dan was Stranddag net die dag vir jou. Op 15 Oktober het Fichies die strand na ons toe gebring. Leerders kon aan verskeie aktiwiteite deelneem, van sandkastele bou tot “Beachball”- sokker, al moes ons teen die geniepsige “Oktober-winde” óók kompeteer. Net soos ons Suid-Afrikaners kan, was daar natuurlik braaivleisvure en die reuk van braaivleis het verseker ‘n hele paar sintuie geprikkel... “Dis heerlike lente, die winter is verby, veels geluk liewe Fichies met nog ‘n suksesvolle “Bee-Day”!

## Ready, Steady en ...KOOK!

Ons Fchie – sjefs het weereens uitstekend presteer! Maar hoe dan nou anders? Juf Urma Myburgh was aan die stuur van sake!

Op 2 Oktober het ons sjefs aan die jaarlikse Vrystaat FBI skolesjef-kompetisie se finale deelgeneem en skoonskip gemaak! Amelia Blignaut, Rozaan O’Kelly, Rianke Verster en Contessa Janse van Rensburg het Fichies se naam hoog gehou.

Hierdie jaar was effens anders as vorige jare aangesien die sjefs deur ‘n paneel, bestaande uit Suid-Afrika se voorste voedselkenners van die Suid-Afrikaanse sjefvereniging, beoordeel is.

Amelia se hoofgeregt het ‘n eerste prys losgeslaan, Rozaan is aangewys as die beste tydsbestuurder en Contessa se skriftelike inskrywing het ook vir ‘n eerste plek gesorg.

Elke finalis kry die geleentheid om in die nabye toekoms by die FBI-sjefskool te gaan studeer nadat ‘n beurs van R10 000,00 aan hulle toegeken is. Wat ‘n voorreg! Hoop julle gryp hierdie geleentheid aan en word dalk die volgende Jamie Oliver of Gordon Ramsay. ‘n Mens weet nooit nie!

**Watch this space!**



# Fichie atlete staan álweer die podiums vol...

Dit was met lekkerkry in elke atleet se hart om, ten spyte weer die baan en veld te kon betree! Vat so, Covid! Soos gewoonlik het elke Fichie-atleet bewys dat harde werk verseker vrugte werp.

Ons atlete het onder ander aan die "PUK top 30" byeenkoms deelgeneem. Dit is definitief 'n pluimpie vir ons, aangesien slegs 30 skole na hierdie prestige-geleentheid genooi word.

Die volgende atlete het eerste plekke behaal en die goue medaljes het behoorlik geskitter:

Natasha Gertenbach in die 100 meter, sowel as die 100 meter hekkies.

Cilethe Julies - Hamergooi.

Tiaan Pretorius – Hamergooi.

Amy Jacobs – Hamergooi.

Elaine Pretorius – Hamergooi.

Wessel Fivaz – Hamergooi.

Ek dink ons kan ons skool se naam na Hoërskool Hamergooi verander! Die atlete het tydens hierdie byeenkoms nog 'n uitsonderlike prestasie behaal.

Fichardtpark is as algehele weners van die byeenkoms aangewys. Sjoe, dit wil gedoen wees.


Ons atlete het ook aan JF se uitnodigingsbyeenkoms deelgeneem en weer die podiums vol gestaan!

Fichardtpark het in totaal 14 eerste plekke behaal, 6 tweede plekke en 4 derde plekke. Baie geluk!

Elaine Pretorius het definitief die oë laat rek...

ELAINE SE PRESTASIE NA HAAR 55.84 METER GOOI (HAMERGOOI) IS AS DIE BESTE PRESTASIE VAN DIE DAG AANGEWYS!

Meneer Prinsloo en die atlete se harde werk plaas definitief vir Fichies in die kollig! Dankie dat julle ons skool se naam hooghou! Hou aan om die podiums te betree. Goud is definitief ons gunstelingkleur!



# Krieket, rugby, hokkie en netbal...? Fichies nailed it!

Uiteindelik kon die sportmanne en –vroue weer die bane en veldé betree om hulle unieke talente uit te leef. Wat 'n voorreg!

Ons krieketspanne kon nie wag nie en het sommer 'n klompie wedstryde in 'n kort tydjie ingewerk. Hulle het ook lekker rondgery om in ander provinsies te gaan deelneem. 'n Baie entoesiastiese Meneer André Burger kon nie wag om sy spanne bymekaar te sit en so gou as moontlik af te rig nie!

Maar dis mos hoe ons hom ken!

Die 0/19 A-span het teen skole soos Sentraal, Voortrekker, Witteberg, Diamantveld en Trio uitgedraf. Máár dit was veral die wedstryduitslae teen Sentraal wat uitgestaan het: Fichies kolf eerste en teken 139 lopies aan – én wen met 66 lopies. Baie geluk aan Ulrich Campher wat 49 lopies aangeteken het. Op 30 Oktober neem die netbalspanne aan die Kansa-voorseisontoernooi by Oranje deel. En het hulle nie skoonskip gemaak nie!!

Die 0/14A's wen JF 26-25 en vir Eunice 29-5, die 0/16A's wen JF 20-12 en vir OMS 14-11.

Sjoe, die woord "wen" is nogal prominent! Mooi so! Ons rugbyspanne het die voorreg gehad om aan 'n 7's – toernooi by Grey deel te neem. Die 0/17-span het in die finaal vir HTS gewys hoe 'n mens eintlik rugby speel met 'n wentelling van 17-14. En daardeur wen hulle ook die Plaatfinaal!

Die Fichie hokkiespanne speel ook op die 9de November teen Hoërskool Duineveld van Upington. En hulle het behoorlik in hulle doelwitte geslaag en ál hulle wedstryde gewen. Baie geluk aan ons Fichie-hokkiebokkies!

Ons sien voorwaar uit na volgende jaar wanneer ons sportspanne (hopelik) "normaal" aan ligas, toernooie en inters kan deelneem...



# Ons provinsiale presteerders prunk!

Dit is met groot trots dat ons die volgende leerders, wat provinsiale kleure verwerf het, kan gelukwens:

- MJ Hatting (stoei)
- Jeandré van der Merwe (gholf)
- Mianda Nel (landloop)
- Suné Marais (krieket)
- Schalk Botes, Charlize Pretorius en Lanché Prinsloo (Gimnastiek)
- Lienke Badenhorst (tennis - neem deel aan nasionale toernooie in KZN)
- Miguel Ribeiro (skerm)
- Lana van Deventer en Batista Boboje (hokkie) Clarissa Herselman, Amy Jacobs, Karabo Nyakane, Anel Standers en Gilden Valentine word in hulle onderskeie ouderdomsgroepe in Vrystaat-netbalspanne ingesluit.

Die volgende leerders het provinsiale kleure in skaak verwerf:

## **SKAAKMAT!**

Joalize Melville ,Christaan Kotze, Jeanré Coetzee, Ruan Kriek en Malan van Rensburg

Die volgende skuts het aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deelgeneem en talle medaljes verwerf.

## **KOLSKOOT!**

Regan Hunter, Ian Vorster, Hanro Pienaar, Mia van Heerden, Bennie Viljoen, Cayla Bronkhorst, Janco de Witt, Adoné du Toit, Kara Scholtz, JF Smith, Caitlin van Niekerk, Ian Vorster, Runique Rykaart, Marné van der Walt, Stefan van Niekerk en Mariné Viljoen  
Die volgende krieketspelers is in die onderskeie Motheo krieketspanne ingesluit:

Hanco Swanepoel, Shaun Schietekat, Marcu van Jaarsveld, Ricky September, Willie Volschenk, Eben Botha, Divante Claassens, Bukho Mlali en Junior Titoti, Hanro Pienaar verwerf SANSSU- kleure!  
WOW!!!

## **KULTUURPRESTASIES**

NACIONALE kleure in Voortrekkers!

Die volgende leerders het die Presidentsverkennereksamen geslaag: Suruka Hugo, Contessa Janse van Rensburg, Germari Hugo, Erik van Vuuren, Megan von Wielligh, Charl van Zyl en Rozaan O'Kelly. Ons wens ook ons Voortrekkers geluk wat deur die Bloemfonteinse Afrikaanse Kultuurraad as die beste funksioneerende lidorganisasie aangewys is. Hou koers!

## **AKADEMIE**

Ons wens ook die volgende leerders geluk wat plekke by Sentraal se jaarlikse spelfees behaal het:

Johan Volschenk (eerste plek in die senior afdeling) en Melissa Beling (derde plek in die junior afdeling)  
Geluk aan ons kunstenaar, Clarissa Pelser, wat by Goudveld se Taal- en Kunstefees 'n A++ vir haar kunswerk ontvang het en as wenner van die kunskategorie aangewys is.

Simoné de Witt eindig tweede in die FAK Nasionale Geskiedenisolimpiade.

FICHIES, HOU AAN PRONK!



# Fichies het twee “HOKKIEBOKKIES”!

- Karla Marais



Hierdie jaar het twee van ons leerders, Lana van Deventer en Batista Bobeje, ons skool én ons provinsie in onderskeie Suid-Vrystaatse hokkiespanne verteenwoordig. Baie geluk!

Lana is nie net aangewys as die 0/14 A-span se kaptein nie, allermins! Sy is ook per geleentheid as speler van die wedstryd aangewys. Batista het vir die Vrystaat 0/18 A-span gespeel. Wat ‘n prestasie! Hulle span het twee wedstryde gespeel en in albei koning gekraai! Vat so!! Die 0/14 A-span het ook al hulle wedstryde gewen. Die onderskeie toernooie het tydens die September-vakansie in Bethlehem plaasgevind. Wat ‘n voorreg om ten spyte van hierdie slegte “virustyd” steeds te kon meeding.

As gevolg van die Covid-19 pandemie is die jaarlikse interprovinsiale toernooie in Stellenbosch verkort, gepaaggaande met baie aanpassings, soos omvangryke finansiële implikasies. Die gevolg was dat die Vrystaatspanne nie die toernooie kon bywoon nie.

“Ek het dit baie geniet en dis ‘n groot eer en voorreg om onder my “coach” by Hoërskool Fichardtpark te speel. Hy glo in my en ons Eerste span,” sê Lana. Albei hierdie spelers verteenwoordig ons skool saam met soveel talentvolle “hokkiebokkies” in die onderskeie eerste spanne. Ons is baie trots op elke hokkiespeler in ons skool. Hulle werk baie hard en maak ook baie oopofferings om hokkie by ons voorkeurskool te bevorder...

En raai wat? Die toekoms lyk rooskleurig... Want volgende jaar speel ons op ons eie astro! Jippeeeee! Pasop Bloemfonten-skole! “We are going to be a force to reckon with!!”

**Hoërskool Fichardtpark wil ook hierdie geleentheid gebruik om ons grootste waardering uit te spreek:**

**GOEIE NUUS:**

Ons droom het waar geword!

Fichies se astro is gebou!!!!!!

‘N GROOT DANKIE AAN ELKE BORG, ONS FICHIE-OUERS, DIE PERSONEEL EN NATUURLIK AAN ELKE LEERDER WAT ‘N BYDRAE GELEWER HET OM HIERDIE DROOM IN REALITEIT TE OMSKEP! ONS IS SÓ ONGELOOFLIK DANKBAAR!

En laaste maar definitief nie die minste nie, intendeel...

Dankie, Meneer Louis Pretorius! Dankie dat Meneer aan die stuur van sake gestaan het.

Dankie vir elke oopoffering, die slapelose nagte en so kan die lys aangaan!

Meneer is ons HERO!





## “KykNET” na Fichies...

Fichies, ons voorkeurskool, het op 13 Augustus op die Skole Top 10 – program op KykNet verskyn. Dit was baie opwindend! Juffrou Nadine Kruger moes maar hierdie keer die “besige by” – kostuum aantrek aangesien sy in beheer van die hele produksie was. Die dag was baie bedrywig, maar danksy Juffrou Nadine se uitstekende organisatoriese vermoë het alles volgens plan verloop.

KykNet se kameras was om elke hoek en draai en elke Fichie het heeldag geglimlag met die hoop om op televisie te verskyn! Die koor is eerste afgeneem en hulle betoverende stemme het selfs die kameraman na sy asem laat snak. Mooi so, julle! Die VCSV was volgende en deur hierdie segment kon Fichies vir Suid-Afrikaners wys dat ons ‘n Christelike skool is wat ware ligdramaars van Jesus is. Dis waarlik iets om op trots te wees.

Die kleinteater- en dramasegment het ook glad nie teleurgestel nie. Uiteindelik kon Juffrou Lombard en haar dramagroep ook vir ‘n slag met hulle unieke talente spog. En hulle mag maar!

Hulle dramaproduksie, Auntie Sosiaal, was puik en het baie toekenning by die ATKV-tienertoneelkompetisie losgeslaan – goud vir die teks en silwer vir onderskeidelik produksie en regie.

Netbal was volgende aan die beurt en hulle het hulle ook baie goed van hulle taak gekwy. Ané Retief en Amy Jacobs het die hoofrolle vertolk. Die keuse van liedjie, naamlik “Tekkies”, was verseker gepas. Kan jy dalk dink hoekom?

En toe was dit tyd vir die rugby... Daardie bal is deur die pale geskop en die eerste spankaptein, en ook die hoofseun van ons skool, het móóí verduidelik waarom rugby ons skool se nasionale sport is. Die hoofakteur van die dag was egter ons nuwe astro! Die hokkiebakkies het in detail vertel hoe trots ons op ons amper-klaar-nuwe-tuisveld is en dat Fichies se hokkietoekoms meer as rooskleurig gaan wees. Juf Mariska, Juané Bester en Shaun Visagie het definitief “Oscars” verdien.

Laaste op die lys was ons skoolkreet. Hoendervleisoomblik! Elke Fichie het uit volle bors geskree en die gevoel van skooltrots het almal se harte gevul. Sjoe! Ons het rede om op hierdie voorkeurskool trots te wees. Wat ‘n voorreg! LIGTE, KAMERA, FICHIES!

# GEES? WAT? DIS ONS PERSONEEL SE LEUSE!



## Kom ons presteer nog 'n keer!

Elané Bekker en Alida Grobbelaar wys ons wéér hoe dit gedoen moet word. Hierdie twee leerders het tydens die skool se jaarlikse prysuitdeling spesiale toekennings ontvang. Elané is as Fichardtparker van die jaar aangewys. Dit was geen verrassing nie, aangesien haar betrokkenheid op soveel gebiede vanself spreek. Op akademiese gebied staan Alida Grobbelaar ook verseker nie terug nie! Sy is as graad 12 se Dux-leerder aangewys. Baie geluk, Alida. Harde werk word verseker beloon. En ons kan nie wag om te sien hoeveel onderskeidings jy na die eindeksamen gaan inryg nie!



## Matrieks 2021 lui die klok en stap na hulle toekoms...

Op 22 Oktober moes ons matrieks, na 'n pad van vyf jaar saam met hulle Fichie-famile, finaal groet. Die geleentheid was baie spesiaal en die belangrikste hiervan was die tradisionele klokseremonie. Die matriekklas van 2021 het een vir een die klok gelui – 'n teken dat hulle die eerste tree na die groot-menswêrelde gee...



Daar was trane, glimlagte en drukkies - en natuurlik is daar baié foto's geneem om die kosbare herinneringe van hierdie dag in elke matriekleerder se hart te virewig. Ons gaan julle mis en wens elke matriekleerder van 2021 alle voorspoed toe! Onthou; GLO, WERK EN DIEN!



# **“CELEB”? Nee, dankie! Fichies het sy eie!**

Doktor, letterkundige, musiekghoeroe, komponis én skrywer! Ja, jy het reg gehoor! Fichies se eie Juffou Joanita Erasmus-Alt het, naas al haar akademiese prestasies, ook haar eie kortverhaalbundel gepubliseer – dit wil gedoen wees!

Die titel van die kortverhaalbundel is Reisgenote en glo my: dit IS omtrent ‘n opwindende reis!


Die bundel word deur ‘n CD vergesel waarop sommige van die verhale met musiek, wat deur juf. Joanita self gekomponeer is, voorgelees word.

Fichies se musiekkleerders is ook by die projek betrokke. Die seuns- sowel as die meisiesanggroep het liedere opgeneem wat deel van hierdie CD uitmaak. Baie geluk, Juffrou Joanita, en dankie dat Juffrou saam met elke Fichie na uitnemendheid streef.

Bravo!

En al die bibliofiele, skraap onmiddellik 200 rand bymekaar en bespreek ‘n plek vir Reisgenote op jóú boekrak...

Juffrou Joanita het ook weer haar talente uitgeleef met die aanbieding van die Kers-, vers- en melodieaand wat ‘n reusesukses was. Hierdie geleentheid het op 21 Oktober plaasgevind en het verseker vir baie opwinding gesorg. Al die musiekkleerders was betrokke en die note het omtrent gedans! Selfs die musiekouers het instrumente bespeel. Lyk my die gene doen hulle deel! Terwyl die gaste sjerrie gedrink het, het ons skoolkoor hulle buite die saal met ‘n paar liedere vermaak. Die meisiesanggroep, sowel as Die Park se kêrels, het elk ook ‘n item gelewer. Die musiekdepartement “ROCK”!



# Fichie-leiers sál hulle stempel afdruk!

-Juané Bester

Met groot afwagting het Hoërskool Fichardtark hulle nuwe leiers vir 2022 aangekondig – En ons almal kan getuig dat uiters bekwame en talentvolle leerders aangewys is. Voorwaar die room van die oes!

Om op die leerderraad te dien, is definitief nie speletjies nie; dit verg ongelooflike harde werk en gaan met groot verantwoordelikheid gepaard. Maar hierdie groep het besluit hulle sal die bul by die horings pak en Fichies op die hoogste sport van die langste leer plaas. Ons kan nie wag nie! Hulle doelwitte is onder andere om deur dade en voorbeeld te lei. Hulle wil graag hê dat daar vir elke leerder 'n plek moet wees - elke individu moet belangrik voel, 'n waardige Fichie wees.

Hulle wil geleenthede skep vir leerders om mekaar beter te leer ken en sodoende die gemoedere te lig sodat leerders akademies beter sal presteer.

Elke lid van die leerderraad wil 'n baksteen optel en help bou aan hierdie voorkeurskool. God is die argitek en elke leerder is die cement wat ons gebou staande sal hou...

En as jy weer kyk, staan daar 'n wolkekrabber op die horison!

"Fichies, staan op julle merke, gereed, bou!"

En op 19 Oktober is ons leerderraad en hoofleiers tydens 'n glansgeleentheid by die Doxa Deo-kerk ingewy. Tydens hierdie geleentheid gee die leerderraad van 2021 die leisels aan ons nuwe leiers oor en die prefekbelofte word onderteken. Alhoewel die ou leerderraad se kerse uitgedoof word, begin die liggies van die nuwe leerderraad helder te skyn.

Dawie Botes en Amy Jacobs is as hoofleiers aangewys! Baie geluk, julle twee! Ons weet sommer dat julle definitief nie die wa voor die osse sal inspan nie!

Fichies kan nie wag om te sien waartoe die leerderraad van 2022 instaat is nie. Ons het 'n voëltjie hoor fluit dat daar reeds 'n bakkievrag vol bakstene by Hoërskool Fichardtark afgelaai is.

Nou ja, kom ons begin bou!



# Soveel sterre in ons midde!

-Susan Fowler



As jy dink die onderwysers by Hoërskool Fichardtpark kan net goed onderrig, maak jy 'n groot fout. Een van ons waardes by Fichies is uitnemendheid en elke leerder streef daarna om hierdie doelwit te bereik. Dis egter nie net die leerders wat hierdie doelwit gestel het nie, maar die onderwysers ook. Én glo my: hulle kry dit baie goed reg!

Mnr. Louw Prinsloo, een van ons skool se adjunkhoofde, het 'n uitsonderlike prestasie behaal. Hy is verkies as voorsitter van die Vrystaatse baan- en veldkommissie vir Atletiek. Welgedaan, Meneer, en baie geluk. Meneer se passie, entoesiasme en harde werk word raakgesien en Meneer is 'n voorbeeld vir vele!

Fichies spog ook met 'n NSA-skeidsregter. Juffrou Etna Pottas het gedurende die week van 4 Oktober by die Telkom Netbal- kampioenskappe haar staal as skeidsregter gewys. Sy is gedurende die 0/19-finaal deur verskeie beampies gegradeer. En natuurlik slaag sy met vlieënde vaandels. Ons is trots op Juffrou Pottas en haar gradering tot 'n NSA-Skeidsregter. Wat 'n prestasie!

Dankie aan elke onderwser wat saam na uitnemendheid streef!

Nie net presteer Hoërskool Fichardpark se onderwysers nie, maar ook ons leerders. Op 6 Oktober het Amy Jacobs by Waterkloof in Gauteng as lid van die Vrystaatspan ook aan die Telkom Netbalkampioenskappe deelgeneem. Amy se uitmuntende doel spel is by die toernooi raakgesien en die keurders het haar gekies om aan die Suid-Afrikaanse netbalproewe vir o/19 deel te neem. Baie geluk, Amy! Vat vyf!! Wat 'n voorreg om onderwysers én leerders te hé wat sulke uitstekende prestasies behaal.

Julle is goud werd!

# Fichies groet vier "legends"!!



Dis met groot hartseer dat Fichies vier personeellede moet groet – Juffrou Lettie Barker, Juffrou Lizette Burger, Juffrou Elsie Coetzee en ons geliefde Dorothy Kgware. Dis verseker nodig om te noem dat Dorothy sedert 1984 by ons skool werk en dit is die jaar waarin Fichies gebou is... WOW! Dorothy, jy verdien 'n klop op die skouer! 37 jaar diens!

Julle almal is hartsmense wat diep spore in Fichie-land getrap het. Ons wens julle net die beste toe. Mag God elkeen van julle styf in Sy hande vashou. Mag Hy julle seën en baie genade aan een en elkeen van julle toevertrou.

Na jare se harde werk, lojaliteit, betrokkenheid en entoesiasme, verdien julle 'n ruskans.

Geniet die aftrede en gryp elke dag 'n sonstraal met albei hande aan. En begin dadelik daardie punte op jou "bucket list" af te merk! Fichies salueer julle! Baie dankie vir die verskil wat julle in soveel kinderharte gemaak het.

Vyf engeltjies...

Liefde, geloof, hoop, vreugde en vrede soek permanente verblyf. Fichies het julle adres vir hulle gegee, want dit is waar hulle hoort.

Tot siens, Fichie – "legends"!

## FICHIES IS HARTSEER... Ons bring hulde aan Riaan...



# Happy Birthday, Meneer!!!!



## Fichie-merkers, ons bittereinders...

Baie geluk aan die volgende personeellede wat as merkers vir die 2021- Nasionale Senior Sertifikaat – eksamen aangestel is. Die merkers sal tussen 8 en 22 Desember die roopenne moet optel. Ons hoop dat julle nie eers Oukersaand sal klaarmaak nie! Fichies is dankbaar vir hierdie groot opoffering! Dankie dat julle ons voorkeurskool verteenwoordig en elke graad 12-leerder op die hande sal dra. Sterkte!!!

*You can do it through the power of positivity!*

Name van personeellede:

E Botes  
S Burger  
S Fourie  
L Lombard  
U Myburgh  
C Pienaar  
E Pottas  
W Pretorius  
L Prinsloo  
M Swanepoel  
M Theron  
R vd Merwe  
M v Staden  
S v Staden

## ‘n Kersboodskap

Ons wens ons Fichie-gemeenskap, die Beheerliggam, die personeel,  
elke ouer én ons sprankelleerdeurs ‘n Geseënde Kersfees toe:

***Mag jou boom versier wees met opbouende woorde.***

***Mag jou ster skyn van Jesus se genade.***

***Mag jou geskenke ewige waarde hê.***

Voorspoedige 2022 aan ons Fichie-familie!!!



# FICHARDTPARK

•n Droom is bewaarheid!



**HOËRSKOOL FICHARDTPARK**  
**www.fpark.co.za | 051 522 6927**

## **REDAKSIESPAN:**

Elané Bekker - Redaktrise | Juané Bester - Redaktrise  
Elé Theart | Jamie-Leigh Jooste | Suné Booysen | Susan Fowler | Karla Marais  
Soleo-hoof: Mariska van Staden  
Fotos: René van der Merwe

Uitleg en ontwerp deur Rome' van der Westhuizen : rome200108@gmail.com